


# Wêreld van Môre

Want die aarde sal vol word met die kennis van die heerlijkheid van die Here soos die waters die seabodem oordek.

Vol. 1, No 2

Vertalings saamgestel uit die *Tomorrow's World*- en *Living Church News*-tydskrifte.



## *Persoonlik*

*Deur Roderick C. Meredith, Hoofredakteur*

## Ware Christene moet **MOED** hê

Ware Christene het 'n besondere roeping waaraan hulle getrou moet bly tot die einde toe. Baie van diegene wat bereid is om die eer van God *eerder* as dié van mense te soek, sal moontlik deur onbeskryflike beproewings en vervolging gaan. Hulle sal definitief baie moed en vasberadenheid moet hê. Dít is kenmerke waaroor bykans elke groot Bybelse leier en die meeste werklik groot mans en vroue in wêreldlike leierskapsposisies beskik. Moed is iets wat vir sommige mense natuurlik kom, maar dit kan ook tot 'n groot mate ontwikkel word deur opregte en volgehoue inspanning. Moed is 'n eienskap wat almal van ons werklik *nodig* sal hê in die nabye toekoms indien ons die ware Christenskap van die Bybel wil ultiem. Want Jesus sê: "Onthou die woord wat Ek vir julle gesê het: 'n Diensknecht is nie groter as sy heer nie. As hulle My vervolgt, sal hulle jul ook vervolgt. As hulle my woord bewaar het, sal hulle jul woord ook bewaar" (Johannes 15:20). En weer: "Hierdie dinge het Ek vir julle gesê, sodat julle nie mag struikel nie. Hulle sal julle uit die sinagoges ban. Ja, daar kom 'n uur dat elkeen wat julle **OM DIE LEWE BRING**, sal dink dat hy 'n diens aan God bewys" (Johannes 16:1-2).

Jesus Christus maak ook die stelling in die evangelie volgens Matteus: "Moenie dink dat Ek gekom het om vrede op die aarde te bring nie. Ek

het nie gekom om vrede te bring nie, maar die swaard. ... En wie sy kruis nie neem en agter My volg nie, is My nie waardig nie. Wie sy lewe vind, sal dit verloor; en wie sy lewe verloor om My ontwil, sal dit vind" (Matteus 10:34, 38-39). En die apostel Paulus waarsku alle ware Christene spesifiek: "En almal wat ook godvrugtig wil lewe in Christus Jesus, sal vervolgt word" (2 Timotheus 3:12).

Het *u* geleer om te *deurdink* en te "deurbid" wat u in 'n situasie sal doen waar gehoorsaamheid aan God u lewe kan kos? Elkeen van ons moet dit doen en ons moet "voed" op die dinge wat sal neig om moed en vasberadenheid in ons basiese karakter te bou. Ons moet *dink* oor moed, *lees* oor moed en *bid* vir moed.

Een van die mees inspirerende voorbeelde van moed in moderne tye is dié van Sir Winston Churchill, Eerste Minister van Brittanje gedurende haar donkerste uur met die aanbreek van die Tweede Wêreldoorlog. Op daardie stadium was Brittanje met ammunisie en mannekrag oortref en alle aanduidings was daar dat Brittanje naby haar einde as vry nasie was. Die volgende is 'n aanhaling van sommige van wat Winston Churchill tot die Britse volk gespreek het tydens daardie tyd van beproewing:

Tot die Britse Laerhuis op 4 Junie 1940:

Hoewel groot streke van Europa en talle van die ou en bekende State in die hande van die Gestapo en al die verfoeilike apparaat van Nazi-heerskappy geval het of mag val, sal ons nie slaplê of misluk nie. Ons sal voortgaan tot die einde. Ons sal veg in Frankryk, ons sal veg op seë en oseane, ons sal veg met toenemende moed en mag in die lug; ons sal ons Eiland ten alle koste verdedig.

Churchill het op 18 Junie 1940 weereens dié stelling tot die Britse Laerhuis gemaak:

Hitler weet dat hy ons in hierdie Eiland moet breek of die oorlog verloor. Indien ons teen hom kan opstaan, mag die hele Europa vry wees en die lewe van die wêreld kan voortgaan in uitgestrekte, sonnige hooglande. Maar indien ons misluk, sal die hele wêreld, insluitende die Verenigde State en alles wat ons ken en voor omgee, wegsink in die duister poel van 'n nuwe donker era, wat nog meer geheimsinnig en moontlik meer uitgereek word deur die ligte van die verdraaide wetenskap.

Laat ons ons dus staal vir ons pligte en onself troos sodat, al staan die Britse Ryk en Gemenebes vir 'n duisend jaar, mense sal sê: "Dit was hul tyd van glorie".

**Vervolg op bladsy 23**

## Inhoudsopgawe

### Voorblad: Persoonlik

#### Ware Christene moet MOED hê

Dr. Roderick C. Meredith se persoonlike rubriek.

### Hoofartikel.....3

#### Sewe redes waarom Christus MOET terugkeer!

Van die begin af, het die mens gepoog om sy probleme uit te stryk sonder God. Nogtans dui die Bybel en die mens se geskiedenis dit duidelik aan dat die mensdom homself sal uitwis sonder die ingryping van Jesus Christus! Ons kan verheug wees oor Christus se belofte dat Hy eersdaags sal terugkeer om 'n tydperk van vrede en vreugde vir die hele wêreld in te lei.

### Die Verborgenheid van Openbaring.....10

Die laaste boek van die Bybel is vir baie mense, die mees geheimsinnigste. Die boek van Openbaring is ryk aan profetiese begrip vir diegene aan wie God Sy geheime openbaar alhoewel dit dikwels geïgnoreer of misverstaan word! U KAN hierdie noodsaaklike eindtydse boodskap van God verstaan!

### Wat is die hel? .....15

Is daar werklik 'n vurige hel waar die siele van die vervloekte manne, vroue en kinders vir ewig ly? Word mense, wat deur God na Sy gelykenis geskape is, tans so gepynig? Tradisionele Christendom het 'n antwoord, maar u sal moontlik verbaas – en gerusgestel wees – deur wat die Bybel werklik oor die hel te sê het.

## Wêreld van Môre

### Hoofredakteur

Roderick C. Meredith

### Redaksionele Direkteur

Richard F. Ames

### Uitvoerende Redakteur

William Bowmer

### Besturende Redakteur

Gary F. Ehman

### Streksredakteurs

Rod McNair (Filippyne)

Bruce Tyler (Australië)

Gerald Weston (Kanada)

Douglas S. Winnail (Europa)

### Nuusbuuro

June Olsen

### Strekskantore

#### VSA:

P.O. Box 503077

San Diego, CA 92150-3077

Tel: (858) 673-7470

Faks: (858) 673-0310

[www.tomorrowworld.org](http://www.tomorrowworld.org)

#### AUSTRALIË:

GPO Box 772

Canberra, ACT 2601

Tel: (07) 5546 0472

Faks: (07) 5546 0768

#### KANADA:

P.O. Box 27202

Toronto, Ontario, M9W 6L0

Tel: (905) 671-3730

Faks: (905) 671-9599

#### NIEU-SEELAND:

P.O. Box 2767

Auckland, New Zealand

Tel/Faks: (09) 435 3592

#### FILIPPYNSE EILANDE:

MCPO Box 1774

Makati City 1257, Philippines

Tel: 63-2-813-6538

Faks: 63-2-867-1569

#### BRITTANJE:

P.O. Box 9092

Motherwell, ML1 2YD Scotland

Tel/Faks: 44-1698-263-977

#### SUID-AFRIKA:

Privaatsak X 3016

Harrismith, FS 9880

Tel: 058 622 1424

Faks: 058 623 1303

Die *Wêreld van Môre*-tydskrif het geen intekenprys nie. Die *gratis* verspreiding van hierdie tweemaandelikse tydskrif word moontlik gemaak deur tiendes en offergawes van lidmate van die Lewende Kerk van God, en van ander wat vrywillig medewerkers geword het in die verkondiging van Christus se ware Evangelie aan alle nasies. Bydraes is welkom en word met dank erken.

Die *Wêreld van Môre*-tydskrif word in Suid-Afrika vertaal, gedruk en uitgegee deur die Lewende Kerk van God.

© Lewende Kerk van God

Alle regte voorbehou

Alle Skrifverwysings is uit die *Ou Vertaling* (1933), tensy anders aangedui (NV, Nuwe Vertaling, 1983).

# Sewe redes waarom Christus MOET terugkeer!

Deur Roderick C. Meredith

Ons het nou 'n keerpunt in mensesake bereik! Namate traumatiese wêreldgebeure begin momentum kry en hul uitwerking op mekaar meer intens raak, moet en SAL ons SKEPPER ingryp!

Jesus Christus het Sy volgeling opdrag gegee om te bid: "laat U koninkryk kom; laat u wil geskied, soos in die hemel net so ook *op die aarde*" (Mattheus 6:10). Met die gruwelike hoë misdadaisyfer, geweld, seksuele immoraliteit en algemene agteruitgang van ons samelewing, moet dit voor die hand liggend wees dat die Koninkryk van God *nog nie hier is nie!*

Van die begin tot aan die einde van die Bybel sê God se Woord vir ons dat die *letterlike* REGERING van God op hierdie aarde gevestig sal word aan die einde van hierdie era! Ons word beveel om voor te berei om deel te wees van daardie regering, naamlik die Koninkryk van God, onder leiding van Christus.

Tog blyk miljoene belydende Christene *totaal onbewus* te wees van daardie grootse waarheid. Hulle is geleer om "net te glo" in die *persoon* van Jesus Christus. Hulle is geleer om "'n goeie lewe te lei" en dat hulle eendag op 'n manier "hemel toe sal gaan" wanneer

hulle te sterwe kom.

Talle mense glo dat die Bybelse stellings aangaande die letterlike wederkoms van Jesus Christus na hierdie aarde hoofsaaklik beperk is tot die geheimsinnige boek Openbaring of tot sekere vae Ou Testamentiese skrifgedeeltes. En soos "goeie algemene Christene", verkies hulle om die Psalms, die Evangelies en Nuwe Testamentiese Sendbriewe te lees vir "inspirasie," sonder om hulle te veel te steur oor wat die res van die Bybel eintlik sê of selfs oor wat *daardie Bybelboeke* eintlik beteken! Hierdie mense besef glad nie dat die boodskap van Christus se tweede koms en dié van die Koninkryk van God byna regdeur die ganse Bybel voorkom nie. Dít is tog ons hoop. Dit is een van die belangrikste aspekte van ons lotsbestemming!

Let daarop hoe Jesus die apostel Petrus en ander dissipels aanmoedig. Petrus het aan Jesus uitgeroep: "Kyk, ons het alles verlaat en U gevolg. Wat sal daar dan vir ons wees? En Jesus sê vir hulle: Voorwaar Ek sê vir julle dat julle wat My gevolg het, in die wedergeboorte wanneer die Seun van die mens op sy heerlike troon gaan sit, julle ook op twaalf

trone sal sit en die twaalf stamme van Israel sal oordeel" (Mattheus 19:27-28).

Jesus het duidelik van 'n *letterlike regering* gepraat wat hier op aarde ingestel sal word! Dit is waarom Hy ons vertel het om te bid: "Laat U koninkryk KOM ... *op aarde*".

Naby die einde van Sy fisiese lewe, vra die dissipels vir Jesus: "Vertel ons, wanneer sal hierdie dinge wees, en wat is die teken van u koms en van die voleinding van die wêreld?" (Mattheus 24:3). Jesus gee aan hulle verskeie "tekens" om voor op die uitkyk te wees wat sou aandui dat Sy tweede koms naby is. Maar *ten spyte* van traumatiese wêreldgebeure sal miljoene mense dit steeds nie besef nie, want Jesus het ook verduidelik: "En net soos die dae van Noag was, so sal ook *die koms van die Seun van die mens* wees. Want net soos hulle was in die dae voor die sondvloed toe hulle geëet en gedrink het, getrou en in die huwelik uitgegee het, tot op die dag dat Noag in die ark gegaan het, en dit nie verstaan het voordat die sondvloed gekom en almal weggevoer het nie, so sal ook *die koms van die Seun van die mens* wees" (Mattheus 24:37-39).

## Christus se wederkoms herhaaldelik beskryf

Die apostel Paulus beskryf Christus se tweede koms só: “Want die Here self sal van die hemel neerdaal met 'n geroep, met die stem van 'n aartsengel en met geklank van die basuin van God; en die wat in Christus gesterf het, sal eerste opstaan. Daarna sal ons wat in die lewe oorbly, saam met hulle in wolke weggevoer word die Here tegemoet in die lug; en so sal ons altyd by die Here wees” (1 Thessalonicense 4:16-17).

Dit is belangrik om daarop te let dat, hoewel die ware heiliges die neerdalende Christus “tegemoet in die lug” sal gaan – dit is die lug van hierdie aarde se atmosfeer – God NIE aan Sy heiliges ewige lewe “in die hemel” beloop nie. Ons sien eerder in Handeling 1:11 dat Christus “net so kom” na die Olyfberg van waar Hy opgeneem is. Trouens, God se Woord is baie spesifiek hieroor. Die profeet Sagaria is geïnspireer om te skryf: “En die Here sal uittrek en stryd voer teen dié nasies soos op die dag van sy stryd, die dag van oorlog.”

“En in dié dag sal sy voete staan op die Olyfberg wat voor Jerusalem lê ...” (Sagaria 14:3-4). Christus sal dus letterlik Sy voete weereens op die groot heuwel net oos van Jerusalem sit! Wat dan?

“En die Here sal Koning wees oor die hele aarde; in dié dag sal die Here een wees, en sy Naam een” (vers 9).

Christus die Koning sal *hier-*

*die aarde* vanuit Jerusalem regeer. En “alle nasies” sal na Jerusalem opkom gedurende Jesus se aardse regering en leer om God se bevole feeste te onderhou, insluitend die Loofhuttefees! Jesus sal natuurlik die fisiese nasies *op hierdie aarde* regeer.

Maar WAAROM moet Christus na die planeet Aarde terugkeer? Kom ons nie maar goed genoeg oor die weg nie? Is die meeste mense nie maar redelik vooruitstrewend, gesond en gelukkig nie? Gesien uit die oogpunt van 'n alwetende, liefdevolle God, is daar 'n werklike BEHOEFTE waarom Jesus Christus na hierdie aarde moet terugkeer en REGEER as Koning van konings?

*Natuurlik is daar!*

Kom ons ondersoek nou sewe van die sleutelredes waarom God die lewende Jesus Christus weer na hierdie aarde sal stuur; hierdie keer in algehele MAG en luisterryke HEERLIKHEID, om die mensdom te RED van hul eie vernietiging en om alle mense te LEER wat die *regte lewenswyse* is.

## Rede 1: Die mens se vermoë tot WÊRELD-UITWISSING

Sedert die 1950's het die wêreld al daarvan bewus geword dat die mensdom hulself binnekort sou kon uitwis. Die Amerikaanse President Dwight Eisenhower stel dit só: “Die wetenskap blyk nou gereed te wees om ons as laaste geskenk die mag te gee om alle menslike lewe van hierdie

planeet uit te wis.”

Daardie tyd het 'n paar jaar later aangebreek. En tans het die wetenskap *verskeie* metodes ontwikkel om alle menselewe te vernietig. Dit sluit atoom en waterstofwapens, chemiese en biologiese wapens en sekerlik ander soort wapens in wat in ontwikkeling is selfs terwyl ek hier skryf.

'n Onlangse skokkende ontwikkeling was die onthulling dat Kommunistiese (Rooi) China belangrike tegnologiese geheime van Amerika gesteel het. Die *San Diego Union-Tribune* doen op 6 Maart 1999 verslag: “Volgens administrasie beamptes het China danksy gesteelde kerngeheime van 'n Amerikaanse regeringslaboratorium, 'n sprong gemaak in die ontwikkeling van kernwapens: die fisiese verkleining van hul bomme.”

Daarbenewens weet ons dat Rusland byna uitmekaarval en sluwe nasies soos Irak, Iran, Libië en Noord-Korea kern, chemiese en biologiese wapens “skelm” by Sowjet wapenhandelaars kan koop.

Met definitiewe verwysing na *ons tyd*, kort voor Sy tweede koms, profeteer Jesus Christus: “Want dan sal daar groot verdrukking wees soos daar van die begin van die wêreld af tot nou toe nie gewees het en ook nooit sal wees nie. En as daardie dae nie verkort was nie, sou geen vlees gered word nie; maar ter wille van die uitverkorenes sal daardie dae verkort word” (Mattheus 24:21-22).

Dit sou feitlik onmoontlik vir die mensdom gewees het om hulself te vernietig vóór die afgelope paar dekades. Deesdae is dit nie net moontlik nie, maar, soos Christus aandui, 'n *sekerheid*, TENSY God kragtig in mensesake ingryp. Ter wille van diegene wat werklik aan God *oorgegee* het en gelei word deur Sy Heilige Gees, SAL God ingryp – “ter wille van die uitverkorenes”. Dit is 'n SLEUTEL rede *waarom Christus MOET terugkeer na hierdie aarde!*

## Rede 2: Ongekende DROOGTE en HONGER-SNOOD

Weereens sprekend van die tyd net voor Sy tweede koms, sê Jesus: “Want die een nasie sal teen die ander opstaan en die een koninkryk teen die ander; en daar sal HONGER-SNODE wees en pessiëktes en aardbewings op verskillende plekke” (Mattheus 24:7).

Verskriklike hongersnode het in onlangse jare dwarsoor Afrika en Asië voorgekom. Groot dele van Texas en ander dele van Amerika het onlangs ernstige droogtes ervaar wat herinner het aan die “stofkom” jare. Werklike hongersnood en menslike verhongering is egter nog nooit in Amerika, Suid-Afrika of ander ontwikkelde lande ondervind nie. Volgens Jesus Christus *gaan dit alles VERANDER!*

Baie van ons lesers verstaan dat Amerika en ander Britse afstammelingen, insluitende

Suid-Afrikaners, inderwaarheid van die afstammelingen van die sogenaamde “verlore tien stamme” van Israel is. Talle Ou Testamentiese profesieë praat direk met *ons mense* van die eindtyd! Ander profesieë is TWEELEDIG. Dit beteken dat hulle 'n kleiner, vroeëre vervulling het deur gebeure wat antieke Israel beïnvloed het, maar dat hul bewoording duidelik toon dat hierdie selfde *strawwe* moderne Israel (Amerika, Suid-Afrika en ander Britse nasies) sal beïnvloed aan die EINDE van hierdie tyd.

Die boek Amos bevat so 'n TWEELEDIGE profesie. In Amos 3 rig God die profesie duidelik aan *al 12 stamme van Israel* – NIE net aan “Juda” of die Joodse volk nie. God sê: “Hoor hierdie woord wat die HERE oor julle gespreek het, o kinders van Israel, oor die hele geslag wat Ek uit Egipteland laat optrek het, naamlik: Julle alleen het Ek geken uit al die geslagte van die aarde; dáárom sal Ek by julle besoeking doen oor al julle ongeregtighede” (Amos 3:1-2).

Later in dieselfde profesie verklaar God profeties aan *ons mense vandag*: “Alhoewel Ék julle reinheid van tande gegee het in al julle stede en broodsgebreke in al julle woonplekke – nogtans het julle jul tot My nie bekeer nie, spreek die HERE. Alhoewel Ék die reën van julle teruggehou het toe dit nog drie maande voor die oestyd was en op die een stad laat reën maar op die ander nie laat reën het nie, die een stuk land reën

gekry het, maar die ander waarop geen reën geval het nie, verdor het;”

“En twee, drie stede na een stad geslinger het om water te drink sonder om die dors te les – nogtans het julle jul tot My nie bekeer nie, spreek die HERE. Ek het julle met brandkoring en met heuningdou swaar getref, baie van julle tuine en julle wingerde en julle vyeboom en julle olyfboom het die sprinkaan verslind – nogtans het julle jul tot My nie bekeer nie, spreek die HERE” (Amos 4:6-9).

'n Tyd van afwisselende droogte, vloede en HONGER-SNOOD word duidelik geprofeteer wat ons nasies sal beïnvloed – tensy ons BEKEER en ons na die ware God wend soos nog NOOIT tevore nie! Soos ons sal sien, gaan hierdie plaë 'n VERSKRIKLIKE nadraai hê en die lewens van *honderde miljoene* mense wêreldwyd verwoes.

Ek moedig enige van u aan, wat nog nie die noodsaaklike “sleutel” tot ons profetiese identiteit verstaan nie om gerus aan ons te skryf om u GRATIS eksemplaar van ons boekie getiteld *Wat lê voor vir Amerika en Brittanje, asook vir Suid-Afrika?* te versoek. Hierdie boekie verduidelik *wie ons* in Bybel profesie is en watter toekoms op ons nasies wag. U het hierdie boekie werklik *nodig* om die profesieë te VERSTAAN wat direkte betrekking het op Amerika, Suid-Afrika en die ander nasies wat van Britse afkoms is, in die nabye toekoms.

### Rede 3: Skrikwekkende SIEKTE-EPIDEMIES

Let weer op Matteus 24:7: "Want die een nasie sal teen die ander opstaan en die een koninkryk teen die ander; en daar sal hongersnode wees en PESSIEKTES ...". Dus net ná die afwisselende vloede en droogtes wat hongersnood en MASSA VERHONGERING gaan veroorsaak, volg SIEKTE-EPIDEMIES van ongekende afmetings!

In ons modeme, wetenskaplike era? *Hoe kan dit wees?*

Die antwoord is eenvoudig. Wanneer daar besoedelde water en besoedelde voedsel is, soos inherent in die profesieë aangaande wêreldwye droogte en hongersnood voorkom, volg daar byna altyd siekte-epidemies. Nadat Orkaan Andrew Florida in 1992 getref het, moes baie slagoffers tot \$30 (nou sowat R300) per gallon (sowat 3¾ liter) vir skoon water betaal! Selfs al het 'n mens genoeg geld, sal jy in baie van die derdewêreldse lande dalk nie eens soveel skoon water kry nie. In elk geval sal die komende strawwe VEEL ERGER wees, omdat daar dan tesame met hierdie ander toestande, die verskrikking van weerstand-biedende *siekte-epidemies* sal wees! 'n Skimp na hierdie verskrikking is berig in die Kanadese Nuusblad *The Ottawa Citizen* op 17 Augustus 1998:

"'n Stille epidemie dreig in die gange van hospitale in Ontario. Die bedreiging is 'n unieke mutasie van 'n bakterie waarvan

die voorkoms in vier jaar met 2000 persent ontplof het. Dit veroorsaak jaarliks honderde mense se dood. En elke 15 minute bied dit meer weerstand teen die sterkste antibiotika's aan die geneeskunde bekend ... hoe meer pasiënte met *vancomycin*, die sogenaamde middel as "laaste uitweg" behandel word, hoe vinniger bied die bakterie weerstand daarteen". Ter beskrywing van die straf wat binnekort hedendaagse Amerika, Brittanje, Suid-Afrika en ander Israelitiese nasies sal tref, inspireer God Esegïel om te skryf: "En jy, mensekind, neem vir jou 'n skerp swaard; as skeermes moet jy dit vir jou neem, en laat dit gaan oor jou hoof en oor jou baard; daarna moet jy vir jou 'n weegskaal neem en die *hare* verdeel: 'n derde deel moet jy binne-in die stad met vuur verbrand as die dae van die beleëring verby is; dan moet jy 'n derde deel neem *en* met die swaard stukkend kap rondom die *stad*, en 'n derde deel moet jy in die wind verstrooi; en Ek sal 'n swaard agter hulle uittrek" (Esegïel 5:1-2).

God verduidelik in vers 12 *presies* wat dit behels: "'n Derde deel van jou sal aan die pes sterwe en deur hongersnood in jou omkom; en 'n derde deel sal deur die swaard rondom jou val; en 'n derde deel sal Ek na al die windstreke verstrooi, en Ek sal 'n swaard agter hulle uittrek". Kan ons begin om onself in te dink hoeveel tiene MILJOENE mans en vroue hier ter sprake

is, vir wie God NIE werklik is nie, wie owerspel pleeg, leuens vertel, steel, bedrieg, begeer, haat en God se Naam ydelik gebruik sonder om twee keer te dink? Baie van *hierdie* mense gaan na "Christen" kerke, en dink graag dat hulle "goeie" mense is. Die meeste van hierdie mense sal NIE verander alvorens God hulle nie verootmoedig nie. Hulle sal NIE die teregwyding uit die Woord van God aanvaar nie. Soos die apostel Paulus geskryf het: "Haastig is hulle voete om bloed te vergiet. Verwoesting en ellende is in hulle paaie, en die weg van vrede ken hulle nie. Daar is geen vrees van God voor hulle oë nie" (Romeine 3:15-18).

Hierdie EINDTYDSE plaes sal natuurlik die hele wêreld tref, nie slegs vir Israel nie. Want nadat hy die "vier perderuiters" van vals profete, oorloë, hongersnode en uiteindelik verskriklike siekte-epidemies beskryf het, skryf Johannes: "En aan hulle is mag gegee oor die VIERDE deel van die aarde om dood te maak met swaard en hongersnood en pes en deur die wilde diere van die aarde" (Openbaring 6:8). Die meeste geleerdes erken dat Johannes nie net oor 'n kwart van die aarde se land- of see-oppervlak gepraat het nie, maar van 'n kwart van die GANSE BEVOLKING van die aarde tydens die eindtyd. Met die bevolking van die aarde tans op rondom 6 BILJOEN mense, verwys hierdie profesie na die komende vernietiging van

rondom een en 'n half BILJOEN mense!

#### **Rede 4: Massiewe aardbewings, orkane en weer-skommeling**

U het moontlik opgemerk dat die weer rondom die wêreld die afgelope paar jaar wild en deurmekaar was. Baie rekords is gebreek. Die “ergste” hiérvan of daárvan word gereeld in die nuus aangemeld.

Dit sou maklik wees om dit as “toevallig” af te maak INDIEN u nie die Bybelse profesieë wat dui op *hierdie einste gebeurtenisse* verstaan het nie. Indien u egter verstaan, sal u besef dat dít wat ons tot dusver ondervind het, net 'n klein voorsmakie is van wat nog kom. Ter beskrywing van Christus se tweede koms en die manjifieke Tempel wat *dan* gebou sal word, sê God: “Want so sê die HERE van die leërskaar: 'n Rukkie nog, 'n kort tydjie, dan sal Ek die hemel en die aarde en die see en die droë grond LAAT BEWE. Ek sal ook al die nasies laat BEWE, sodat die skatte van al die nasies sal toevloei; en Ek sal hierdie huis met heerlikheid vervul, sê die HERE van die leërskaar” (Haggai 2:6-7). ALLE nasies sal inderdaad “geskud” word deur die Almagtige God in die ERGSTE aardbewings denkbaar. Want God sê dat “AL die berge en eilande ... uit hulle plekke versit” sal word (Openbaring 6:14).

Tot dusver het die *ergste* aardbewings, orkane, vulkaniese uitbarstings en tornado's

die minder *bevolkte* areas van die aarde as geheel getref. Maar die tyd kom *binnekort* waar dit die *groot metropole* in die groot stede van die aarde sal tref.

Selfs die krag van ons nuutste waterstofbom is *nietig* in vergelyking met die verwoestende vermoë van AARDBEWINGS. Dit sou die gesamentlike krag van VYF-ENTWINTIG-DUISEND atombomme gelyk aan dié van Hiroshima verg om dieselfde energie vry te stel wat net EEN van die groot skokke van die aardbewing wat Mexiko-stad 'n paar jaar gelede getref het!

Weens REBELLIE teen God en Sy fisiese en geestelike WETTE, sal die mensdom letterlik tot hul sinne GESKUD moet word. Maar in Sy *genade* gaan God hierdie dae van vreeslike straf KORTKNIP, sodat Christus as Koning van konings kan kom om die mensdom te leer *hoe om volgens God se fisiese en geestelike wette te leef* voordat die mens meer ontaard as wat tans die geval is!

Eendag, *moontlik binne die volgende 15 jaar of minder*, wanneer *u stad, u huis, u klein “wêreldjie”* skielik deur 'n kragtige ORKAAN, vulkaniese UITBARSTING, of AARDBEWING geskud word, sal u die ware BEHOEFTE vir *Jesus Christus se tweede koms* om die mensdom van die gevolge van SONDE teen sy Skepper te RED, begin besef!

#### **Rede 5: Toenemende hartseer en TERREUR**

Die selfmoordsyfer onder Amerikaanse jongmense neem steeds toe. Regoor byna die ganse wêreld raak mense se lewens ONGELUKKIGER, *ten spyte van ons hedendaagse tegnologie*.

Skrywer Allen Drury, wenner van die Pulitzer Prys, het die volgende woorde net voor sy dood op ouderdom 80 geskryf: “Ons leef in die Republiek van Voel-Goed, waarin die skuim van Amerika uitstyg. Die bekommerde stemme van die eerlikes, die ordentlikes, die goedhartiges en die gebalanseerdes gee uiting aan hul bekommerde onvergenoegdheid. Nog harder druis die koor van die skuim om hul stemme te verdoof. Al dieper en dieper na benede sink Amerika terwyl die skuim toenemend veld wen”. Is dit nie ook maar op Suid-Afrika van toepassing nie?

Toenemend meer boeke soos die onlangse werk van Robert Bork, *The Death of Outrage* maak hul verskyning. Die skrywers van hierdie boeke spreek, nes Drury, 'n gevoel van verlies en hopeloosheid uit in die aangesig van ons toenemende immoraliteit, toenemende selfsug en die verwerping van byna alle goeie en ordentlike waardes van die verlede.

In groot dele van ons westerse samelewing, is jeugselfmoord 'n kragtige herinnering aan die uiterste leegheid en doelloosheid wat

deur so baie mense ervaar word: "Ierland het die snelgroeiendste koers van jeugselfmoord in die wêreld en amper een uit elke vier selfmoorde is van diegene tussen 15 en 24 jaar oud' het die Katolieke archdiocese van Dublin gesê in 'n verklaring by 'n onlangse konferensie oor dié onderwerp" (*San Diego Union-Tribune*, 14 Maart 1999).

In Amerika is bykans 1 uit elke 150 mense in die gevangenis, 'n syfer waarby geen ander demokrasie naastenby kom nie. Talle van die nuwe gevangenes is dwelmmisdadigers. Die FBI het onlangs verslag gedoen dat arrestasies van mense wat dwelmmiddels gebruik, die hoogste nóg is. Dwelmmisbruik het merkbaar toegeneem onder die jeug, veral dié van sterk dwelms soos heroine en methamfetamiene. Probeer ons jongmense die werklikheid, wat hulle as leeg en ongelukkig beskou ONTSNAP deur hulle aan 'n wêreld van dwelms en alkohol te vergryp?

In ons verwarde, doen-jou-eie-ding "waardestelsel" is mense nie meer seker wat reg en wat verkeerd is nie. So word ons stede toenemend meer onveilig. Meer en meer hoërskoolmeisies raak swanger. Duisende klein mensewesentjies word elke jaar in die baarmoeder vermoor, tog is ons 'n "kerkgaande, Christen" volk. Is ons nie eerder 'n geveinsde nasie nie?

Die apostel Jakobus is geïnspireer om te skryf: "Want wie die hele wet onderhou, maar in

een opsig struikel, het aan almal skuldig geword. Want Hy wat gesê het: Jy mag nie egbreek nie, het ook gesê: Jy mag nie doodslaan nie. As jy nou nie egbreek nie, maar doodslaan, het jy 'n oortreder van die wet geword. Julle moet so spreek en so doen soos diegene wat deur die wet van vryheid geoordeel sal word" (Jakobus 2:10-12).

Let daarop dat die "wet" waarvan Jakobus skryf, duidelik die Tien Gebooie is. Hy maak die stelling dat Christene deur daardie wet "geoordeel" sal word (vers 12). Daarbenewens word die Tien Gebooie spesifiek die "wet van vryheid" genoem.

Indien dit gehoorsaam word, sal die Tien Gebooie die mensdom bevry van oorlog, misdaad, egskeiding, drankmisbruik, dwelms, VIGS en die meeste geestelike en emosionele spanning en skuld wat so baie mense teister.

Maar 'n volk of nasie sonder egte waardes – en veral ongehoorsaam aan die "wet van vryheid", die Tien Gebooie – sal uiteindelik 'n volk van ongelukkige, verwarde mense word wat dikwels selfmoordneigings toon, met GEEN DOELWITTE, geen ware DOEL in die lewe nie, wat 'n diepliggende leemte in hul dag-tot-dag bestaan ervaar. Omdat God "tugtig hom wat Hy liefhet, en Hy KASTY elke seun wat Hy aanneem" sal die Almagtige God binnekort ingryp en ons mense STRAF sodat hulle uit hul rebelse en ongelukkige lewenswyses GESKUD kan

word!

### **Rede 6: Die mens se "laaste hoop vir vrede" het MISLUK!**

Die Verenigde Nasie Konferensie het in die lente van 1945 in San Fransisco vergader om 'n internasionale politieke entiteit te stig om VREDE te bewaar. Mans en vroue van baie rasse en kleure van vier-en-vyftig lande was daar – verteenwoordigend van die meerderheid mense op aarde.

Met die opening van die Konferensie, het Generaal Jan Smuts van Suid-Afrika verklaar: "*Indien San Fransisco MISLUK, sien ek niks behalwe ERGE RAMPSPOED vir die mensdom voorlê nie.*"

"Dit is nie oordrewe om te sê dat die werk wat ons hier begin, die WÊRELD SE LAASTE KANS mag wees nie" sê Anthony Eden.

*Onthou u dit?*

Ja, dit was die woorde van die erkende LEIERS van die hedendaagse menslike samelewing wat ons in 1945 gehoor en gelees het! Maar om selfs vroeër in die verlede in te gaan, onthou dat selfs die Volkebond wat na die Eerste Wêreldoorlog gevorm is, basies *dieselfde tipe organisasie* was, saamgestel vir basies dieselfde doel. Ook dit was "*die mensdom se laaste hoop op vrede*" genoem!

Die hele wêreld weet dat sedert die Tweede Wêreldoorlog begin het, die Volkebond *totaal MISLUK* het!

*Waarom?*

Die ware ANTWOORD word in die *Woord van God* bevat.



Jakobus onthul 'n deel daarvan: “Waarvandaan kom oorloë en vegterye onder julle? Kom hulle nie hiervandaan, van julle welluste wat in julle lede stryd voer nie? Julle begeer en julle het nie, julle pleeg moord en is naywerig en julle kan niks verkry nie. Julle veg en maak oorlog, en julle het nie, omdat julle nie bid nie. Julle bid en julle ontvang nie, omdat julle verkeerd bid, om dit in julle welluste deur te bring” (Jakobus 4:1-3).

Die menslike natuur is basies *haatlik, afgunstig, kompetierend* en SELFSGTIG. Totdat die MENSlike NATUUR *verander word, sal ons oorlog hê!*

“Waar staan die Veiligheidsraad oor Kosovo?” vra Herbert S. Okun, 'n voormalige Amerikaanse ambassadeur en

adviseur tot die Verenigde Nasies oor internasionale dwelm-aangeleenthede. “Of Ethiopië? Of selfs Irak?”

Die Verenigde Nasies en Veiligheidsraad sal NIE die bloedige konflikte regoor hierdie wêreld stopsit nie! Dit is noodsaaklik om te besef dat die mens *nie* sy probleme sonder die ingryping van die Grote God wat vir ons lewe gee *kan* of SAL oplos nie. Een van die groot hedendaagse militêre leiers het hierdie punt baie duidelik besef. In 'n geskiedkundige toespraak aan die gesamentlike Kongreshuise, maak Generaal Douglas MacArthur van die Amerikaanse Weermag dié stelling:

“Die probleem is basies teologies en behels 'n geestelike herlewing en verbetering van

die menslike karakter, wat met ons bykans matelose vooruitgang in wetenskap, kuns, literatuur en alle materiële en kultuurontwikkelings van die afgelope twee duisend jaar sal saamval. Dit moet uit die gees wees dat ons die vlees red” (*The World's Great Speeches*, bl. 596, Dover Uitgewers, 1958).

### **Rede 7: Jesus het BELOOF om terug te keer**

Hoewel duisende “moderne” predikante, priesters en godsdienstlêers anders glo, is die geïnspireerde Woord van God baie duidelik oor die feit dat die Lewende Jesus Christus na hierdie aarde SAL terugkeer as Koning van konings. Trouens, ons lees presies dít in Openbaring 11:15! Dit alles kom

**(Vervolg op bladsy 21)**

## **Veertien Tekens wat Christus se Wederkoms aankondig**

*Weet u watter gebeure die grootste gebeurtenis van alle tye – Christus se terugkeer na hierdie aarde – sal aankondig? Leer waarvoor om op die uitkyk te wees in die huidige chaotiese wêreldsituasie, sodat u nie verward of onvoorbereid sal wees nie*

Skryf in of skakel ons vir u eie kopie van hierdie noodsaaklike boekie om die antwoord op hierdie vraag te kry!

# Die Verborgenheid van Openbaring

Deur Richard F. Ames

Dit is een van die beroemdste boeke wat ooit geskryf is, maar is steeds onverstaanbaar vir baie mense. Selfs baie Christene doen nie eens die moeite om dit te lees nie, want hulle voel nie in staat om dit te verstaan nie. Wat is hierdie beroemde boek? Dit is die boek Openbaring, ook bekend as die Apokalips, die heel laaste boek in u Bybel.

In een opsig is dit tragies dat die oorgrote meerderheid van die mensdom onkundig is oor die belang van hierdie beroemde boek. Tog weet ons dat die dieper betekenis van Openbaring bestem is om verbloem en verborge te bly vir diegene wat geestelik verblind is – wat beteken die meeste mense op aarde. Dit is 'n verbasende, dog grondliggende waarheid dat die hele wêreld, behalwe vir 'n relatiewe klein groepie, geestelik gesproke feitlik blind is. Die apostel Paulus het hierdie waarheid ook beklemtoon toe hy skryf: “Maar as ons evangelie dan nog bedek is, is dit bedek in die wat verlore gaan, *naamlik* die ongelowiges in wie die god van hierdie wêreld die sinne verblind het, sodat die verligting van die evangelie van die heerlijkheid van Christus, wat die beeld van God is, op hulle nie sou skyn nie” (2 Korintiërs 4:3-4).

Indien die wêreld oor die algemeen verblind en mislei is, hoe kan *u* dan verstaan? Dit is slegs deur die Lig van die wêreld dat 'n mens geestelike insig en begrip verkry. Ons weet uit Johannes 8:12 dat Jesus Christus die Lig van die wêreld is, dus is dit deur Hom dat ons begrip verkry. Jesus vertel Sy volgelinge: “As julle in my woord bly, is julle waarlik my dissipels. En julle sal die waarheid ken, en die waarheid sal julle vrymaak” (Johannes 8:31-32).

Regdeur die Bybel word ons daaraan herinner dat, ten einde die verborgenhede daarvan te verstaan, ons die voorskrifte en opdragte daarin vervat, moet beoefen. In Psalms lees ons: “Die vrees van die Here is die beginsel van die wysheid; *almal wat dit beoefen*, het 'n goeie verstand. Sy lof bestaan tot in ewigheid” (Psalm 111:10). Dis reg! Indien u gewillig is om die Bybel te bestudeer om te sien wat God van u verlang – indien u die opdragte in Sy woord sal uitvoer en daarmee volhou, sal God u verstand open vir begrip!

Om ons begrip van hierdie geheimsinnige boek te verbeter, laat ons begin by die begin. Die boek begin met die woorde: “Die openbaring van Jesus Christus wat God Hom gegee het om aan sy diensknegte te toon wat gou moet gebeur, en

wat Hy deur die sending van sy engel aan sy dienskneg Johannes te kenne gegee het, wat getuig het van die woord van God en die getuienis van Jesus Christus – alles wat hy gesien het” (Openbaring 1:1-2).

## Christus se openbaring, nie Johannes s'n nie

Die heel eerste feit wat ons in hierdie boek leer, is dat dit die openbaring van *Jesus Christus* is – nie dié van die apostel Johannes nie, soos dit in die opskrif van u Bybel (deur die Bybelvertalers aangebring) staan nie. Ons let ook op die doel van Jesus se openbaring: om aan Sy diensknegte dinge aan te *toon* wat binnekort moet plaasvind. Die doel van hierdie moeilik verstaanbare boek, is nie om die waarheid *te verberg nie*, maar om gebeure te onthul wat lei tot Christus se wederkoms! U moet weet wat daardie gebeure is en hoe dit aan die “geliefde apostel” te kenne gegee is.

Johannes het die geïnspireerde woorde van God neergeskryf terwyl hy verban is na die eiland Patmos, naby die suid-westelike kus van Turkye in die Egeïese See. Patmos is in die eerste eeu gebruik as 'n Romeinse strafkolonie. Johannes skryf: “Ek, Johannes, julle broeder en deelgenoot in

die verdrukking en in die koninkryk en lydsaamheid van Jesus Christus, was op die eiland wat Patmos genoem word, ter wille van die woord van God en om die getuïenies van Jesus Christus" (Openbaring 1:9).

Die meeste geleerdes plaas die tyd van Johannes se skrywe teen die einde van die eerste eeu, rondom 95 n.C. Die eindtyd gebeure rondom Christus se wederkoms en die vestiging van God se Koninkryk op aarde is aan Johannes in 'n visioen getoon. Hy het die gebeure gesien, wat lei tot die sewende basuin in die profetiese tydperk bekend as die "Dag van die Here". Johannes skryf: "Ek was in die Gees op die dag van die Here, en ek het agter my 'n groot stem gehoor, soos van 'n basuin". Johannes praat nié van 'n dag van die week soos wat sekere kommentaarskrywers verkeerdelik onderrig nie! Johannes is in die Gees en in visioen gevoer na die tyd van die "Dag van die Here", wat in meer as 30 profesieë in u Bybel voorkom.

Wat is die hoofgebeurtenis wat in Openbaring onthul word? Dit is Christus se wederkoms na hierdie aarde! Ons word vertel: "Kyk, Hy kom met die wolke, en elke oog sal Hom sien, ook hulle wat Hom deursteeke het; en al die geslagte van die aarde sal oor Hom rou bedryf; ja, amen!" (Openbaring 1:7).

Ja, 'n tyd van oordeel is aan die kom. Die goeie nuus is egter dat diegene wat na Christus se wederkoms uitsien, verheug sal

wees wanneer al die wêreld se koninkryke hulle met die sewende en laaste basuin aan die Koning van konings en Heer van here, Jesus Christus, onderwerp: "En die sewende engel het geblaas, en daar was groot stemme in die hemel wat sê: Die koninkryke van die wêreld het die eiendom van onse Here geword en van sy Christus, en Hy sal as Koning heers tot in alle ewigheid. En die vier-en-twintig ouderlinge wat voor God op hulle trone sit, het op hulle aangesig geval en God aanbid en gesê: Ons dank U, Here God, Almagtige, wat is en wat was en wat kom, dat U u groot mag aangeneem en as koning geheers het" (Openbaring 11:15-17).

Onthou dat dit Christus is Wie ons hierdie openbaring deur die apostel Johannes gee. Johannes sien die troon van God in 'n visioen en skryf: "En ek het in die regterhand van Hom wat op die troon sit, 'n boek gesien, van binne en van buite beskrywe en met sewe seëls goed verseël" (Openbaring 5:1).

### **Die sewe seëls**

Johannes het geweens toe hy uitvind dat niemand waardig is om die boek oop te maak nie. Hy gaan voort: "Toe sê een van die ouderlinge vir my: Moenie ween nie; kyk, die Leeu wat uit die stam van Juda is, die wortel van Dawid, het oorwin om die boek oop te maak en sy sewe seëls te breek" (Openbaring 5:5). Die Leeu van die stam van Juda is Jesus Christus – hier

begin Hy die boek oopmaak wat met sewe seëls geseël is.

"En ek het gesien toe die Lam een van die seëls oopmaak; en ek het een van die vier lewende wesens hoor sê, soos die geluid van 'n donderslag: Kom kyk! En ek het gesien, en kyk, daar was 'n wit perd. En hy wat daarop sit, het 'n boog; en aan hom is 'n kroon gegee, en hy het uitgegaan as 'n oorwinnaar en om te oorwin" (Openbaring 6:1-2). So begin Openbaring 6, waarin ses van die sewe seëls beskryf word. Die eerste vier seëls is die bekende vier ruiters van Openbaring. Wat beteken hierdie seëls? Christus is die Openbaarmaker, daarom kyk ons na **Hom** vir die uitlegging. Een basiese sleutel tot die begrip van die Bybel is die beginsel dat "die Bybel homself uitlê" en in Mattheus 24 vind ons Jesus Christus se eie verduideliking van die tekens van die einde van die tyd en van die seëls se belang.

Sommige kommentare vertolk die eerste seël foutiewelik deur te sê dit beteken dat die Christendom die hele wêreld sal evangeliseer en dit geestelik sal oorwin. Wanneer ons egter Christus se woorde in Mattheus ondersoek, kom ons tot 'n heel ander gevolgtrekking. Jesus waarsku sy volgelinge: "Pas op dat niemand julle mislei nie. Want baie sal onder my Naam kom en sê: Ek is die Christus! en hulle sal baie mense mislei" (Mattheus 24:4,5). Vergelyk dit met Openbaring 6 en ons sien dat hierdie eerste perd en sy

ruiter VALS Christusse en VALS godsdiens verteenwoordig.

Let op die verskil tussen hierdie eerste perd en sy ruiter en die beskrywing van die ware Christus met Sy wederkoms. Die eerste ruiter van Openbaring 6 dra 'n boog en een kroon. In teenstelling hiermee beskryf Openbaring 19:15 dat Jesus Christus na hierdie aarde sal terugkeer met 'n tweesnijdende swaard en Openbaring 19:12 beeld Hom uit met BAIE krone. Duidelik is die man op die wit perd in Openbaring 6 NIE die ware Christus nie. Ons moet ag slaan op Jesus Christus se waarskuwing om op ons hoede te wees vir vals Christusse, vals messiasse en vals godsdiens.

Jesus se woorde in Mattheus verduidelik voorts die tweede ruiter: “En julle sal hoor van oorloë en gerugte van oorloë. Pas op, moenie verskrik word nie, want alles moet plaasvind, maar dit is nog nie die einde nie. Want die een nasie sal teen die ander opstaan en die een koninkryk teen die ander; en daar sal hongersnode wees en pessiëktes en aardbewings op verskillende plekke” (Mattheus 24: 6-7).

Die tweede ruiter van Openbaring 6 ry op 'n rooi perd. Ons lees: “En 'n ander perd, 'n vuurrooie, het uitgekome, en aan hom wat daarop sit, is dit gegee om die vrede van die aarde af weg te neem en dat hulle mekaar sou doodmaak; en 'n groot swaard is aan hom gegee” (Openbaring 6:4). Die ooreenkoms met Christus se woorde in

Mattheus is duidelik.

Die derde seël van Openbaring 6 beskryf 'n ruiter op 'n swart perd wat hongersnood in die wêreld onthul. Die vierde seël verteenwoordig 'n ruiter aan wie die naam “dood” gegee is. Hy ry op 'n vaal perd wat pessiëktes aandui wat op die hakke van hongersnood volg. Ja, hierdie is dieselfde hongersnode en pessiëktes waarvan Jesus Christus in Mattheus 24:7 praat!

Die uitwerking van hierdie vier ruiters is vernietigend: “En aan hulle is mag gegee oor die vierde deel van die aarde om dood te maak met swaard en hongersnood en pes en deur die wilde diere van die aarde” (Openbaring 6:8). 'n Kwart van die aarde se bevolking sal sterf! Hierdie is realiteite wat min mense gewillig is om in die gesig te staar, maar u Redder wil hê dat u weet wat voorlê – Hy wil hê dat u in staat moet wees om voor te berei, vir u eie beswil en inderdaad vir u eie verlossing!

Die vyfde seël in Openbaring 6:9, beeld die martelary van die heiliges en vervolging van die Christene uit. Dit is 'n geskiedkundige feit – in die eerste eeu na Christus het die Romeinse Ryk onder Nero duisende Christene vervolgt en hulle vermoor – maar dit verwys ook na 'n toekomstige herlewering van die Romeinse Ryk wat weereens ware Christene sal vervolgt!

Na die Groot Verdrukking word die sesde seël geopen – 'n reeks hemelse tekens. Die

apostel Johannes skryf: “En ek het gesien toe Hy die sesde seël oopgemaak het, en kyk, daar was 'n groot aardbewing; en die son het swart geword soos 'n harige sak, en die maan het geword soos bloed; en die sterre van die hemel het op die aarde geval, soos 'n vyeboom wat deur 'n groot wind geskud word, sy navye laat afval; en die hemel het weggewyk soos 'n boek wat toegerol word, en al die berge en eilande is uit hulle plekke versit” (Openbaring 6:12-14).

Besef u die omvang van hierdie seël? Die aarde sal skud met 'n groot aardbewing. Mense sal vreesbevange wees vir meteoriete en asteroïde wat deur die lug trek. God sal hierdie aarde **fisies skud** om ons aandagte kry!

Ten aanskoue van hierdie groot vertoning van God se mag sal selfs diktators en despote verootmoedig word. Ons lees: “En die konings van die aarde en die grotes en die rykes en die owerstes oor duisend en die magtiges en al die slawe en al die vrymense het hulle weggesteek in die spelonke en in die rotse van die berge, en vir die berge en rotse gesê: Val op ons en verberg ons vir die aangesig van Hom wat op die troon sit, en vir die toorn van die Lam; want die groot dag van sy toorn het gekome, en wie kan bestaan?” (Openbaring 6:15-17).

Hierdie skrikwekkende tekens lei die dramatiese Dag van die Here in. En wat word daardie dag genoem? “Die

groot dag van Sy toorn". Die Lam, Jesus Christus, sal toornig wees! Sommige belydende Christene vind dit moeilik om te aanvaar dat Jesus kwaad sal wees, maar hier sien ons dit duidelik – Hy beskik oor die mag en die reg om rebelse nasies te oordeel. Hierdie nasies en alliansies sal gou leer dat hul militêre en politieke kragte swak en nutteloos is teen die goddelike mag van God! Hierdie mag sal nie slegs gedurende die sesde seël vertoon word nie, maar ook gedurende die sewende, laaste seël – die groot dag van God se toorn, die Dag van die Here.

### 'n Raamwerk vir begrip

Ons moet die hoof profetiese gebeure verstaan wat ons 'n raamwerk gee vir die begrip van die boek Openbaring en die gebeure wat lei tot die wederkoms van Jesus Christus. Ons raamwerk begin met die Groot Verdrukking wat deur Jesus Self beskryf word: "Want dan sal daar groot verdrukking wees soos daar van die begin van die wêreld af tot nou toe nie gewees het en ook nooit sal wees nie. En as daardie dae nie verkort was nie, sou geen vlees gered word nie; maar ter wille van die uitverkorenes sal daardie dae verkort word" (Mattheus 24:21-22).

Tot op hede het die wêreld nie die gevaar van 'n kernoorlog en selfs kernterrorisme uit die weg geruim nie en dit sal ook nie hierdie bedreiging kan hokslaan nie. Terselfdertyd staar die mensdom die steeds

groeïende gevaar van biologiese en chemiese wapens van massavernietiging in die gesig!

Dit is 'n feit wat nie slegs aan top militêre en politieke krygskundiges bekend is nie; die Januarie 1999 uitgawe van die *Reader's Digest*, het 'n artikel bevat getiteld: "Are we ready for Bioterror? [Is ons gereed vir bio-terrorisme?]" Die artikel verduidelik dat die Verenigde State onvoorbereid is op sulke aanvalle en het die Sekretaris van Verdediging, William Cohen, aangehaal waar hy openlik erken dat 'n biologiese aanval op die VSA "tans nie slegs 'n skrale moontlikheid nie, maar 'n werklike waarskynlikheid is. Stel jou die verskrikking voor!"

Hierdie Groot Verdrukking is 'n tyd met geen gelyke in die mensdom se geskiedenis nie. Die profeet Jeremia beskryf die uniekheid en ewigheid van daardie tyd: "Wee, want die dag is groot, sonder weerga! En dit is 'n tyd van benoudheid vir Jakob; maar hy sal daaruit verlos word" (Jeremia 30:7). Dit sal die tyd van God se straf wees op die Verenigde State, Brittanje, Kanada, Australië, Nieu-Seeland, Suid-Afrika en mense van Britse afkoms. Die Groot Verdrukking is die tyd van Jakob se benoudheid!

Ons moet gereed wees vir daardie tyd en op die uitkyk wees vir wanneer dit aanbreek. Soos Jesus sê: "Waak dan en bid altyddeur, sodat julle waardig geag mag word om al hierdie dinge wat kom, te ontvang en voor die Seun van

die mens te staan" (Lukas 21:36). Terwyl ons wag, moet ons na aan God en Sy Seun, Jesus Christus bly! Hoe doen ons dit? Jesus sê vir ons in hierdie vers: "bid altyddeur".

Indien u nie reeds in die gewoonte is van daaglikse gebed nie, sal u vind dat om die Bybel te lees u sal help om te bid. Waaroor moet u tot God bid? Jesus gee die antwoord in Lukas 11, waar Hy aan die dissipels die "modelgebed" as riglyn gegee het van die areas waaroor ons met God moet kommunikeer.

Die Psalms kan ook 'n hulp tot gebed wees. Baie van die Psalms is self gebede en soos u hulle lees, sal u vind dat hulle u eie hartlike gedagtes teenoor God aanraak, sowel as u tekortkominge, vrese en ander aspekte van u intieme, persoonlike verhouding met u Skepper. Indien u Jesus se vermaning nakom en altyddeur bid, sal u 'n verhouding met Hom bou wat u sal onderhou selfs al ontvou die sewe seëls van Openbaring en kom die Dag van die Here nader.

Daardie sewende seël, die Dag van die Here, bevat sewe "basuin regsprake" of plae. "En toe Hy die sewende seël oopgemaak het, kom daar stilte in die hemel omtrent 'n halfuur lank. En ek het die sewe engele gesien wat voor God staan, en sewe basuine is aan hulle gegee" (Openbaring 8:1-2). Hierdie basuine is die waarskuwings-trompette, wat die plae of regsprake wat ophande is, aankondig.

Soos ons deur Openbaring 8 lees, sien ons dat verskriklike ekologiese verwoesting die aarde plunder en skrikwekkende tekens in die hemele voorkom, terwyl die eerste vier engele hul basuine blaas. Plantegroei verbrand, die see verander in bloed en seelewe sterf, bitter water veroorsaak baie se dood en die son en maan verduister.

### **Drie weë**

Ná hierdie eerste vier plae, bereik ons die laaste drie, naamlik die “weë,” wat uitroep van smarte is. Ons lees: “En ek het gesien en gehoor 'n engel wat in die middel van die hemel vlieg, wat met 'n groot stem sê: Wee, wee, wee hulle wat op die aarde woon, vanweë die orige geluide van die basuin van die drie engele wat nog sal blaas” (Openbaring 8:13).

Openbaring 9 beskryf die eerste wee, of die vyfde

basuinplaag. Die vyfde engel blaas die basuin wat 'n vyf maande lange militêre optrede ontketen. Hoewel die apostel Johannes leef in 'n tyd vóór moderne militêre wapentuig, gebruik hy die taal en simboliek van sy dag om 'n onheilspellend akkurate beeld te skep van 'n moderne militêre skermutseling.

Die tweede wee, of die sesde basuinplaag, is uitgebeeld met simbole van perde en ruiters. Dit illustreer die verskriklike gevolge van 'n massiewe teenaanval na die eerste wee: “Toe is die vier engele losgemaak wat gereed gehou was vir die uur en dag en maand en jaar, om 'n derde van die mense dood te maak. En die getal van die leërs van perderuiters was twee maal tienduisend maal tienduisend; en ek het hulle getal gehoor. En só het ek in hierdie gesig die perde gesien en die wat op hulle sit, met vuurrooi en blou en swawelgeel borsharnasse. En

die koppe van die perde was soos leekoppe, en uit hulle bekke het vuur en rook en swawel uitgegaan. Deur hierdie drie plae is 'n **derde van die mense** gedood, deur die vuur en deur die rook en deur die swawel wat uit hulle bekke uitgegaan het” (Openbaring 9:15-18).

Ja, die boek Openbaring toon duidelik aan dat hierdie fase van die finale wêreldoorlog **biljoene** mense sal dood – een volle derde van alle mense op aarde!

### **Die Sewende Basuin**

Uiteindelik, nadat ses basuine verskriklike verwoesting aangekondig het, blaas die sewende basuin, wat die goeie nuus aan God se mense, sy getroue dienaars, aankondig: “En die sewende engel het geblaas, en daar was groot stemme in die hemel wat sê: Die koninkryke van die

**(Vervolg op bladsy 20)**

## **Die Dier van Openbaring**

*Mite, beeldspraak of werklikheid? Waarheen lei wêreldgebeure? Gaan 'n wêrelddiktator binnekort sy verskyning maak? Wie – of wat – is die DIER? Gaan u sy berugte merk ontvang?*

Skryf in of skakel ons vir u eie kopie van hierdie noodsaaklike boekie om die antwoord op hierdie vraag te kry!

# Wat is die hel?

Deur Richard F. Ames

*Is daar werklik 'n vurige hel waar die siele van die vervloekte manne, vroue en kinders vir ewig ly? Word mense, wat deur God na Sy gelykenis geskape is, tans so gepynig? Tradisionele Christendom het 'n antwoord, maar u sal moontlik verbaas – en gerusgestel wees – deur wat die Bybel werklik oor die hel te sê het.*

'n Gallup meningspeiling in die vroeë 1990's het onthul dat ongeveer drie uit elke vyf Amerikaners in die hel glo. Gewilde menings kan ons egter nie vertel of daar werklik 'n helvuur is wat die siele van die bese mense vir ewig pynig nie. Watsê die Bybel werklik?

Die Bybel noem duidelik die woorde **hel** en **vuur**, maar daar is baie wanbegrippe oor die hel. Hierdie wanbegrippe is nie uniek onder Christene nie; die wêreld se godsdienste het inderdaad 'n wye verskeidenheid oortuigings rondom die hel en die laaste oordeel.

Die godsdienste van Islam, beskryf byvoorbeeld die hel as 'n poel vuur. Islam se heilige boek, die Koran, stel hierdie oortuiging aangaande die bese soos volg: “Die vuur van die hel is straf genoeg. Diegene wat Ons onthullings ontken, sal Ons in die vuur brand. So gou soos hul velle deur die vuur verteer is, sal Ons aan hulle ander velle gee, sodat hulle die kastyding werklik mag ervaar” (Sura 4, verse 55-56, vertaling dié van uitgewer).

Sulke idees is algemeen in baie ander gelowe. In 'n artikel getiteld, *Other Faiths, Other Hells* (*U.S. News & World Report*, 25 Maart 1991) meld outeur Jeffrey Sheler dat die godsdienste van Djainisme “die

heelal beskou as bestaande uit drie ryke, waarvan die laagste 8.4 miljoen helle bevat waar die mensdom vir hul sondes gestraf word. Diegene skuldig aan onvergeeflike sondes, word vir ewig in 'n bodemlose poel aangehou”. Sheler dui ook aan dat daar 21 helle in Hindoeïsme is waar “die siel herwin word tot 'n hoër staat in 'n volgende lewe”.

Vergelyk dít met baie Christene se oortuigings van 'n tydelike vagevuur waar siele gesuiwer word deur folterende kastyding, sowel as hul geloof in 'n soortgelyke maar nimmer-eindigende hel waarin siele vir ewig gekasty word sonder enige hoop op verlossing.

Dít alles kan heel ontstellend en skrikwekkend wees. Ek onthou hoe ek as seun my pastoor se beskrywing van die vlamme van die hel aangehoor het. Hierdie lewendige en skrikwekkende beelde het my oor die jare bygebly. Het ek egter op daardie tydstip die waarheid geken, sou ek vertroos, eerder as bang gevoel het. Jesus het inderdaad die gerusstellende verklaring gemaak: “En julle sal die waarheid ken, en die waarheid sal julle vry maak” (Johannes 8:32).

Daardie Bybelse waarheid, sou ek later tot my groot

verbasing leer, is dat daar **nie** op hierdie tydstip **enige menslike siel in 'n ewigbrandende vlammehel ly nie**. Dis reg! U hoef nie bekommerd te wees dat u familie wat nie tot u geloof bekeer was tans in die vlamme van die hel gekasty word nie!

Stel dit u teleur? Ongelukkig vind sommige mense plesier daarin om te glo dat die onbekeerdes ly onder ewige kastyding. Hulle verwag om die ewigheid in die hemel deur te bring en neer te sien op diegene wat in die hel ly. Kan u die hemel vir ewig geniet, wetende dat u geliefdes en andere folterende lyding ondervind? Baie mense verwag om presies dít te doen. Sulke mense is vreeslik deur Satan om die bos gelei en daar is aan hulle die valse en onbybelse begrip van die Skepper as 'n wrede God gegee, wat Hy nie is nie.

Soos ons sal sien, **sal** God in die toekoms 'n vuurpoel gebruik met die laaste oordeel. Daardie vuur sal uiteindelik die hele aarde verswelg en suiwer. **Dít** – nie 'n ewigbrandende martelput vir mense nie – is die uiteindelige hel wat in u Bybel onthul word.

## Die noodlot van die Bese

In die *Wêreld van Môre* radio-uitsendings, het u die evangelie van die Koninkry verkondig

gehoor en daarvan gelees in die bladsye van hierdie tydskrif. Daardie evangelie is die goeie nuus van Christus se wederkoms om hierdie aarde as Koning van konings en Heer van here te regeer! Maar het Jesus Self ook van 'n vurige oordeel gepraat? Ja, Hy het!

Wanneer Christus terugkeer, bring hy beide belonings en veroordelings saam. Hy sal Sy getroue dienaars beloon, soos die Bybel beskryf: “Dan sal die Koning vir die wat aan sy regterhand is, sê: Kom, julle geseëndes van my Vader, beërf die koninkryk wat vir julle berei is van die grondlegging van die wêreld af” (Mattheus 25:34).

Maar daar is ook straf vir diegene wat hul karakter as bose en euwel rebelle teen God se weë, God se wette en God se liefde gebou het. Nadat Hy die getroue dienaars beloon het, vertel die Bybel ons: “Dan sal Hy ook vir dié aan sy linkerhand sê: Gaan weg van My, julle vervloektes, in die ewige vuur wat berei is vir die duiwel en sy engele” (Mattheus 25:41). Wat gebeur met hierdie vervloekte individue? Bly hulle lewend tot in alle ewigheid? Of word hulle verbrand? Dit is wat die Bybel sê sal gebeur met die verstokte bose mense, diegene wat besluit het om hulself nooit te bekeer en God nooit te gehoorsaam nie: “Want kyk, die dag kom, en dit brand soos 'n oond. Dan sal al die vermeteles en almal wat goddeloosheid bedrywe, 'n stoppel wees; en die dag wat kom, sal hulle aan die brand steek, sê die Here van die

leërskaar; sodat dit vir hulle geen wortel of tak sal oorlaat nie” (Maleagi 4:1).

Die goddelose sal totaal vernietig word. Hulle sal die ewige doodstraf kry. Maleagi gaan voort met die beskrywing: “En julle sal die goddelose vertrap, want hulle sal soos stof wees onder julle voetsole op die dag wat Ek skep, sê die Here van die leërskaar” (Maleagi 4:3).

Diegene wat hul eie lot uitgewerk het, diegene wat vas besluit het om nooit van hul goddelose gesindheid en aard te bekeer nie, sal totaal verbrand en stof word! Hulle sal geheel en al uitgewis word!

Baie mense het gewonder waarom, indien God, as Hy so 'n regverdige God is, mense verdoem om vir ewig te ly as hulle nooit werklik kans gehad het om die evangelie te hoor, te glo of daarop te reageer nie. Die antwoord is eenvoudig: *Hy doen dit nie!* God is regverdig en billik.

Dit is Satan en sy engele wat vir ewig gekasty sal word. Satan wil hê dat ons moet glo dat sy lot as geesteswese, die lot van mense sal wees! Satan “verlei die hele wêreld” (Openbaring 12:9). In teenstelling met Satan se propaganda, sal God **nie** toelaat dat mense vir ewig ly nie!

Let op Jesus se merkwaardige stelling: “En moenie vrees vir die wat die liggaam doodmaak, maar die siel nie kan doodmaak nie; maar vrees Hom liever wat die siel sowel as die liggaam kan verderwe in die hel” (Mattheus 10:28).

Lees hierdie teksvers in u eie Bybel! God kan beide siel en

liggaam doodmaak. Ja, God is so magtig dat Hy siele vir ewig kan uitwis! Dit beteken dat lewe, *psuché* in Grieks, totaal vernietig sal word. Daar is geen opstanding uit die dood waarvan Jesus hier praat nie! Ons sal dit meer duidelik sien wanneer ons later in hierdie artikel na die boek Openbaring kyk.

Ons het gesien dat daar wydverspreide godsdienmenings is rakende die ewige straf van goddelose siele. Verskeie godsdienste glo dat 'n ewigbrandende hellevuur bose mense vir ewig sal kasty. Maar ons het ook gesien dat God by magte is om die siele van mense te vernietig. Hy sal die verstokte goddeloses vir ewig van hul ellende verlos! God is regverdig en billik!

### Die gawe van die ewige lewe

Johannes 3:16 is een van vele Bybelverse wat God se liefdevolle natuur teenoor elke mens bewys. Diegene wat glo dat God die verstokte goddeloses nie heeltemal kan of sal uitwis nie, moet hierdie vers van naderby beskou: “Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê” (Johannes 3:16).

Laat ons eerstens besef dat God Sy Seun vir u gegee het! Dit is nie vir u nodig om een van daardie verstokte goddeloses te wees wat in die poel van vuur opgebrand gaan word nie. U kan vergewe word, mits u uself bekeer en die evangelie glo soos



Jesus gesê het! “Die tyd is vervul en die koninkryk van God het naby gekom; bekeer julle en glo die evangelie” (Markus 1:15).

Maar u moet **weet** wat u doen en nie slegs emosioneel reageer sonder om die waarheid aan uself te bewys nie. Die Bybel vertel ons: “Beproof alle dinge; behou die goeie” (1 Thessalonicense 5:21). Ons moedig u aan om dit te doen – deur dit wat u in hierdie tydskrif lees – in u eie Bybel op te soek.

Indien u reeds 'n onsterflike siel het, sal u natuurlik nooit sterwe nie. U sou reeds die ewige lewe gehad het. Weereens, wat lees ons in Johannes 3:16? “... sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê”.

Jesus sê dat die goddeloses sal sterwe, maar dat diegene wat Hom werklik glo en gehoorsaam, die gawe van die ewige lewe sal hê. Indien u reeds beskik oor die ewige lewe as 'n onsterflike siel, sou ewige lewe nie 'n geskenk gewees het nie. Dit word verder beklemtoon in 'n ander teksvers waarmee u vertrouwd sal raak indien u 'n gereelde luisteraar van die *Wêreld van Môre* radio-uitsending is: “... die loon van die sonde is die dood, maar die genadegawe van God is die ewige lewe in Christus Jesus, onse Here” (Romeine 6:23). Ons sien weereens dat die straf vir sonde die dood is! Dood beteken die afwesigheid van lewe! Die ewige lewe is 'n kosbare geskenk deur Jesus Christus!

### Dante en die Hellevuur

Presies waar het die idee van siele wat in die vuur brand, vandaan gekom? Sommige idees het van voorchristelike konsepte gekom, maar die algemene idee van hel is gewild gemaak in die bekende gedig “Die Goddelike Blyspel” deur Dante Alighieri, wat tussen 1302 en Alighieri se dood in 1321 geskryf is. Die gedig bestaan uit drie dele, *Inferno*, *Purgatorio* en *Paradiso*, oftewel *Hel*, *Vagevuur* en *Paradys*. In *Inferno*, lei die digter Virgil, Dante op sy reis deur die hel. By die ingang vind hulle die onheilspellende teken: “Laat vaar alle hoop, jy wat hier binnegaan” (*Inferno*, na Engels vertaal deur Elio Zappulla, Kanto III, bl. 39). Virgil vertel Dante van sy reis deur die hel: “Ek sal jou gids wees, en jy sal my volg en ek sal jou deur 'n wêreld van pyn lei waar die dooie siele in eindelose pyn en geskreue wring soos hulle uitroep om weer te sterf” (*Inferno*, Kanto I, bl. 24).

Dante sit sy reis deur die verskeie afdelings van die hel voort en skryf: “In die sloot, vêr onder die gewel waarop ons staan, borrel daar boosaardige pik ... Ek het slegs die borrels sien opkom en bars, die groot massa herhaaldelik sien opwel en saamtrek, opwel en saamtrek ...” Dan sien Dante iemand wat tot die hel verdoem is: “Die sondaar is in die pik gegooi ... Hulle prik die sondaar met 'n honderd gaffels...” (*Inferno*, Kanto XXI, bl. 189-191).

Dante het *Die Goddelike Blyspel* as 'n sinnebeeld geskryf, om sekere beginsels en lesse

tuis te bring. Die inhoud daarvan weerspieël ook die politiek en geskiedenis van Italië gedurende Dante se tyd. Sy gedig is nie 'n letterlike weergawe van die Bybelse lering aangaande die hel nie, maar baie mense het egter die beelde deur Dante in sy gedig geskets, verkeerdlik aanvaar as letterlike waarhede!

Soos ons reeds in Romeine 6:23 gesien het – “die loon van die sonde is die dood” – nie lewe nie! Dit is interessant om daarop te let dat Dante se gedig, sondaars se veronderstelde ewige lyding, die tweede dood noem. Dit is baie misleidend. Die Bybel verwys na die tweede dood, soos ons later sal sien, as die totale vernietiging van lewe in die poel van vuur. Die tweede dood is nie lewe in die een of ander plek wat die hel genoem word nie. Dood is **dood**, nie 'n ander vorm van voortgesette lewe nie. Dood is die afwesigheid van lewe!

### Watter “hel” bedoel u?

Wat so ongelooflik is, is dat met die meeste besprekings rondom die hel, die veronderstelling gemaak word dat “hel” outomaties “ewige vuur” beteken. Dit is 'n baie misleidende definisie. Die feite is dat daar vier woorde in die Bybel is wat as “hel” vertaal word, met drie verskillende betekenis. Laat ons die waarheid ondersoek.

Die oorspronklike taal waarin die Ou Testament geskryf is, is Hebreeus. Die Hebreeuse woord wat deurgans as

“doderyk” vertaal word, is *sheol*, wat eenvoudig “put” of “graf” beteken. Die betekenis is nié 'n plek van ewige vuur nie, maar bloot “put” of “graf”!

Indien iemand u sou vra of u in die hel glo, vra hom dié vraag: “Watter hel?” Die Afrikaanse woord “hel” of “doderyk” in u Bybel beteken nie outomaties 'n plek van vuur of 'n plek van ewige straf nie!

Ons kom nou by die drie Griekse woorde in die Nuwe Testament wat as “doderyk” of “hel” vertaal word en elk 'n ander betekenis het. Dié drie Griekse woorde is *hades*, *gehenna* en *Tartarus*.

Die Griekse woord *hades* beteken ook “put” of “graf”, soos die Hebreeuse woord *sheol*. Dit beteken NIE 'n plek van vuur NIE.

Die woord *Gehenna* is afgelei van die Hebreeuse uitdrukking *ge hinnom* wat “vallei van Hinnom” beteken. Hierdie vallei lê aan die suidekant van Jerusalem. Soos miljoene ander besoekers, het ek dit verskeie kere besoek. 'n Mens kan sê ek was hel toe en terug!

Die vallei van Hinnom was eertyds gebruik as 'n stortingsterrein vir Jerusalem se vuilgoed, wat deur swawel vuur verbrand of deur wurms en maaiers verteer is. Nou en dan is die liggaam van 'n tereggestelde krimineel in dié vuur gegooi. *Gehenna* het dus 'n simbool geword van die plek van oordeel wat met vuur vereenselwig word. Die Griekse woord *gehenna* word gebruik deur die Evangelie-skrywer, Mattheus,

wanneer hy van Jesus se woorde vertel: “Maar Ek sê vir julle dat elkeen wat vir sy broeder sonder rede kwaad is, verantwoording moet doen voor die gereg; en elkeen wat vir sy broeder sê: Raka! moet verantwoording doen voor die Groot Raad; en elkeen wat sê: Jou dwaas! moet verantwoording doen in die helse vuur” (Mattheus 5:22). Daardie “helse vuur” is in werklikheid die *Gehenna* vuur.

Jesus het gesê dat diegene met 'n onboetvaardige moordadige gesindheid in gevaar staan van *Gehenna*. Dit is 'n vuurpoel, soos ons later sal sien, waar die onboetvaardige goddelose verbrand word en die straf van die ewige dood sal ly!

Nou, die vierde woord wat in die Bybel as “hel” vertaal word is gegrond op die Griekse woord *Tartarus*. Dit dui 'n toestand van beperking aan en is nie op mensewesens nie, maar wel op gevalle engele van toepassing. Let op na 2 Petrus 2:4: “Want as God die engele wat gesondig het, nie gespaar het nie, maar hulle in die hel gewerp en aan kettings van duisternis oorgegee het, om vir die oordeel in bewaring gehou te word;”

Hier volg 'n verduideliking soos gegee in *An Expository Dictionary of Biblical Words* deur W.E. Vine, 'n Engelse verklarende woordeboek van die Bybel: “Die werkwoord *tartaroo*, vertaal as 'in die hel gewerp,' in 2 Petrus 2:4, dui op onderworpenheid aan *Tartarus*, wat nóg *sheol* nóg *hades* nóg hel is, maar dié plek waar die engele

na wie se besondere sonde verwys word, in die skrifgedeelte, opgesluit word om vir die oordeel in bewaring te bly. Die gebied word beskryf as 'putte van duisternis”.

Wat dan, is die hel? Vanuit die Bybelse perspektief is dit drie verskillende plekke of toestande.

- *Sheol* (in Hebreeus) of *Hades* (in Grieks), wat “put” of “die graf” beteken.

- *Gehenna*, wat “die vallei van Hinnom” beteken. Dit verwys simbolies na 'n vurige oordeel.

- *Tartarus*, wat dui op die aanhouding van die gevalle engele.

U sien dus dat, om die woord “hel” vir al drie hierdie verskillende betekenis aan te wend, nie 'n akkurate weerspieëling van die Bybelse waarheid weergee nie. Weereens moet u dus vra: “Spesifiek van watter hel praat u?”

### **Wat gebeur met die onkundiges?**

Is God onregverdig? Sal Hy nie aan almal op aarde 'n ware geleentheid tot verlossing bied nie? Sal God individue wat na Sy gelykenis geskape is en nooit die ware evangelie gehoor het nie, aan die ewigbrandende hellevuur oorgee? Nee! God is nie onregverdig nie – Hy sal aan elkeen 'n geleentheid gee!

En tog, hoe sal die menigte wat nog nooit Christus se naam gehoor het nie, hul kans kry? Ons sal onthou dat, toe die apostel Petrus van die naam van ons Verlosser Jesus Christus

gepraat het, hy met vrymoedigheid verkondig het: “En die saligheid is in niemand anders nie, want daar is ook geen ander naam onder die hemel wat onder die mense gegee is, waardeur ons gered moet word nie” (Handelinge 4:12).

Tog het biljoene mense nie eens die ware evangelie of die naam van hul Verlosser gehoor nie. Hoe kon hulle ooit 'n kans gehad het om te glo? Die Bybel wys vir ons dat alle mense hul geleentheid tot verlossing sal ontvang. Vir diegene wat nie geroep is om die waarheid werklik te verstaan nie, is daar die Laaste Oordeel wat in Openbaring 20 beskryf word.

Wie sal in daardie oordeel wees? Aan wie sal dan hul eerste geleentheid tot verlossing gegee word? Kom ons kyk na een bemoedigende voorbeeld. Wat dink u is die uiteindelige lotsbestemming van sommige van die boosste mense op aarde, mense wie God reeds gestraf het? Let op wat Jesus van die bose mense van Sodom sê: “En jy, Kapernaüm, wat tot die hemel toe verhoog is, jy sal tot die doderyk toe neergestoot word; want as in Sodom die kragtige dade plaasgevind het wat in jou plaasgevind het, sou hy bly staan het tot vandag toe. Maar Ek sê vir julle dat dit vir die land van Sodom verdraagliker sal wees in die oordeelsdag as vir jou” (Mattheus 11:23-24).

God het die mense van Sodom met vuur en swawel verteer en almal vernietig. Ly hulle ook nou in die

sogenaamde vlammehel? Nee! Hulle is dood! Tog het Jesus gesê dit sal vir hulle “verdraagliker” wees in die oordeelsdag. Watter oordeelsdag is dit? In Openbaring 20 vind ons 'n opstanding tot oordeel, waarin die boeke geopen sal word, soos die Bybel sê. Dit is op hierdie tydstop dat diegene wie geestelik verblind was, die begrip van die Bybel en die woorde van die lewe vir die eerste keer sal ontvang: “En ek het die dode, klein en groot, voor God sien staan, en die boeke is geopen; en 'n ander boek, die boek van die lewe, is geopen. En die dode is geoordeel na wat in die boeke geskryf is, volgens hulle werke” (Openbaring 20:12).

Ja, diegene wat weens hul eie sondes gely het en diegene wat onskuldige slagoffers van verdrukking en volksmoord was, sal opgewek word om die Boek van die Lewe te verstaan. Hulle sal hul eerste ware geleentheid kry om die Evangelie en die liefde van God die Vader vir die ganse mensdom te verstaan. Soos Petrus skryf: “Die Here verdrag nie die belofte soos sommige dit verdrag ag nie, maar Hy is lankmoedig oor ons en wil nie hê dat sommige moet vergaan nie, maar dat **almal** tot bekering moet kom” (2 Petrus 3:9).

In die Laaste Oordeel, sal biljoene ateïste, sondaars en heidene uiteindelik uit hul vorige lyding leer en die geleentheid gegun word om hulself werklik te bekeer, die evangelie te glo en uiteindelik die Koninkryk van God te beërwe.

## Die tweede dood

Maar wat van diegene wat reeds hul gewete verstomp en oorgegee het aan hul eie wil tot rebelseid, haat en sonde? Diegene wat die waarheid van God geken het, maar Sy vergifnis en liefde wederegtelik verwerp het, sal in 'n poel van vuur verbrand word. “En die dood en die doderyk is in die poel van vuur gewerp. Dit is die tweede dood. En as dit bevind is dat iemand nie opgeskryf was in die boek van die lewe nie, is hy in die poel van vuur gewerp” (Openbaring 20:14-15).

Hierdie is die tweede dood, die ewige doodstraf waarvan daar geen opstanding is nie. Diegene wat hul verstand afgesluit het om hulle nooit te bekeer of aan Jesus Christus oor te gee nie, sal totaal verswelg word. Hulle sal die lyding ervaar van die wete wat hul noodlot is, vóór hul laaste teregstelling. Maar 'n liefdevolle en genadige God sal hulle vir alle ewigheid van hul ellende verlos.

Dan sal die hele aarde deur vuur gesuiwer word! “Maar die dag van die Here sal kom soos 'n dief in die nag, waarin die hemele met gedruis sal verbygaan en die elemente sal brand en vergaan, en die aarde en die werke wat daarop is, sal verbrand” (2 Petrus 3:10).

Wanneer die aarde eers gesuiwer is deur Gehenna-vuur, die poel van vuur, sal almal òf verheerlikte lede van God se familie wees (soos beskryf word in 1 Korintiërs 15, die “opstandings-hoofstuk”), òf hulle

sal vir alle ewigheid dood wees, verbrand in die poel van vuur. Die Duiwel en sy engele (as onsterflike geeste) sal vir ewig gekasty word. Dit is **hulle** lotsbestemming, nie die mensdom s'n nie!

God is 'n God van absolute regverdigheid en absolute liefde. Op Sy tyd en op Sy manier sal Hy aan elkeen die geleentheid tot verlossing bied. Die Duiwel het die hele wêreld mislei en die oorgrote meerderheid van mensewesens vandag op aarde verblind, maar God het 'n plan van redding, selfs vir die bese sondears van Sodom. Hulle sou 'n folterende pynvolle les geleer het en sal hul geleentheid in die Laaste Oordeel ontvang. En diegene wat onskuldige slagoffers van ongeregtigheid en volksmoord was, sal gesond, verkwik en

geseënd wees met hul eerste geleentheid vir verlossing!

Diegene wie geroep, getrou en uitgekies is in hierdie tyd, sal saam met Christus in Sy Koninkryk regeer. Hulle sal saam met Christus die aarde help onderrig, dien en regeer, vir 'n duisend jaar. Ná hierdie "Millennium" kom die opstanding tot die oordeel. Dan, laastens, sal die regte hellevuur – die poel van vuur – die verstekte goddeloses vernietig!

Tot dan moet ons ag slaan op die apostel Petrus se waarskuwing: "Terwyl al hierdie dinge dan vergaan, hoedanig moet julle nie wees in heilige wandel en godsvrug nie? – julle wat die koms van die dag van God verwag en verhaas, waardeur die hemele deur vuur sal vergaan en die elemente sal brand en versmelt" (2 Petrus

3:11-12).

Ja, ons moet geestelik waaksaam en getrou wees, uitsien na 'n wonderlike toekoms, 'n toekoms vol hoop waarvan u gehoor het op die *Wêreld van Môre* radio-uitsending en gelees het in die bladsye van hierdie tydskrif. Petrus gaan voort: "Maar ons verwag volgens sy belofte nuwe hemele en 'n nuwe aarde waarin geregtigheid woon. Daarom, geliefdes, terwyl julle hierdie dinge verwag, beywer julle dat julle vlekkeloos en onberispelik voor Hom bevind mag word in vrede" (2 Petrus 3:13). Ons kan onself inderdaad saam met die apostel Petrus verheug dat daar hoop is vir ons almal, deur ons Verlosser, Jesus Christus. §

## **Is Hierdie die ENIGSTE Dag van REDDING?**

*Wat sal gebeur met die BILJOENE mense wat nog nooit die ware God leer ken het nie, nog nooit ENIGE vorm van Christelikheid aangeneem het nie?*

*Is hulle vir ewig gedoem tot 'n brandende hel, of tot 'n ewigheid in uiterste duisternis?*

Skryf in of skakel ons vir u eie kopie van hierdie noodsaaklike boekie om die antwoord op hierdie vraag te kry!

Christus, tesame met Sy triomfantlike groep heiliges en uitverkorenes wat die dood vrygespring, of op wonderbaarlike wyse opgewek is, op aarde sal regeer totdat die tyd vir die laaste en algemene opstanding aanbreek” (*The Decline and Fall of the Roman Empire*, Gibbon, vol. 1, bl. 403). Binne die leeftye van baie van ons, SAL hiërdie deel van die

“Onse Vader” verhoor word: “Laat U koninkryk *kom*, laat U wil *geskied*, soos in die hemel *net so ook* op die AARDE” (Mattheus 6:10). Jesus beloof om gou terug te keer: “En kyk, Ek kom gou, en my loon is by My, om elkeen te vergeld soos sy werk sal wees” (Openbaring 22:12). Mag God gee dat ons “werke” Hom sal welgeval sodat ons “loon” waarlik vervullend

mag wees, want Jesus Christus kom BINNEKORT. Ons het sewe noodsaaklike redes gesien waarom Christus MOET TERUGKEER om die mensdom te red – en laaste, maar nie die minste nie – omdat Hy BELOOF het om dit te doen. *Mag God gee dat daardie dag gou aanbreek!* §

### Die Verborgeneheid (Vervolg vanaf bladsy 14)

wêreld het die eiendom van onse Here geword en van sy Christus, en Hy sal as Koning heers tot in alle ewigheid” (Openbaring 11:15).

Met hierdie finale basuin, sal die jaarlange Dag van die Here eindig in die wonderlike aankondiging dat Jesus Christus kom om al die koninkryke en regerings van hierdie wêreld oor te neem. Dit is die goeie nuus wat alle Christene na uitsien om te hoor.

Maar hoe sal die nasies van die aarde reageer? Sal die meerderheid van die mensdom Christus met ope arms ontvang? Nee! Verbasend genoeg sal hierdie dwase nasies teen Christus oorlog voer met Sy wederkoms: “En die nasies was vertoornd, en u toorn het gekom en die tyd van die dode om geoordeel te word en om die loon te gee aan u diensknegte, die profete, en aan die heiliges en aan die wat u Naam vrees, klein en groot, en om die verderwers van die aarde te verderf” (Openbaring 11:18).

Die nasies sal kwaad wees oor Christus se wederkoms – hulle sal selfs teen Hom oorlog voer wanneer Hy en Sy leërske uit die hemel neerdaal! Maar die nasies van die aarde sal heeltetal oorwin word, tot so 'n mate dat hul bloed soos 'n rivier sal vloei (vergelyk Openbaring 14:19-20).

In teenstelling sal Christus se getroue dienaars hul beloning en erfdeel ontvang. Wat is daardie beloning? Ons lees “... en hulle het geleef en as konings geregeer saam met Christus die duisend jaar lank” (Openbaring 20:4). Ja, diegene wat Christus in hierdie tyd getrou gedien het, sal Hom in Sy duisend jaar heerskappy op aarde dien, 'n tyd wat ons die Millennium of die “Wêreld van Môre” noem. Sy heerskappy sal vrede op aarde bring. Dit sal regverdigheid en reg, heling en versoening beteken.

Indien God u roep, kan u uitsien na Christus se wederkoms en die opstanding van Sy volgelinge. Soos die

apostel Johannes skryf: “Salig en heilig is hy wat deel het aan die eerste opstanding; oor hulle het die tweede dood geen mag nie, maar hulle sal priesters van God en van Christus wees en sal saam met Hom as konings regeer duisend jaar lank” (Openbaring 20:6).

Die boek Openbaring, hoewel dit deur baie mense misverstaan word, ontsluit hierdie verbasende waarhede vir diegene aan wie God begrip verleen het. Deur hierdie boek te lees, vind ons dat baie gebeure eers moet plaasvind voordat Jesus Christus terugkeer en dit maak dit duidelik dat hierdie ware “Millennium” nie in die jaar 2000 of 2001 begin het nie. Die Millennium waarop Jesus Christus se volgelinge wag, is baie meer betekenisvol – dit sal 'n oorgang wees na 'n tydperk van God se volmaakte regering op hierdie aarde, soos in hierdie verborge en wonderlike boek verduidelik word! §

## Sewe redes (Vervolg vanaf bladsy 9)

neer daarop of u werklik GLO wat die Bybel herhaaldelik duidelik sê.

Die profeet Sagaria is geïnspireer om te skryf: “En die HERE sal uittrek en stryd voer teen dié nasies soos op die dag van sy stryd, die dag van oorlog. En in dié dag sal sy voete staan op die Olyfberg ...” (Sagaria 14:3-4). En vers 9 vervolg: “En die HERE sal Koning wees oor die hele AARDE; in dié dag sal die HERE een wees, en sy Naameen.”

Christus sal dus op hierdie AARDE oor die nasies regeer na Sy wederkoms – NIE in die hemel nie. Jesus Self maak dit duidelik in Mattheus 25:31-34: “En wanneer die Seun van die mens in sy heerlijkheid kom en al die heilige engele saam met Hom, dan sal Hy op sy heerlike troon sit; en voor Hom sal al die nasies versamel word, en Hy sal hulle van mekaar afskei soos die herder die skape van die bokke afskei; en Hy sal die skape aan sy regterhand en die bokke aan sy linkerhand sit. Dan sal die Koning vir die wat aan sy regterhand is, sê: Kom, julle geseëndes van My Vader, beërf die koninkryk wat vir julle berei is van die grondlegging van die wêreld af.”

Omdat “al die NASIES” voor Christus gebring sal word vir die oordeel met Sy tweede koms, speel dit duidelik hier op aarde af, want geen van die rebelse nasies of individue sal in die hemel toegelaat word nie!

Wat word van diegene wat oorwin – diegene wat hulle in

hierdie lewe ten volle oorgee daaraan om Christus Sy gehoorsame lewe in hulle te laat leef deur die Heilige Gees? “En aan hom wat oorwin en my werke tot die einde toe bewaar, sal Ek mag oor die nasies gee, en hy sal hulle regeer met 'n ysterstaf; soos erdegoed word hulle verbrysel, net soos Ek ook van my Vader ontvang het” (Openbaring 2:26-27). Die getroue heiliges word HEERSKAPPY oor die wêreldse nasies op hierdie aarde gegee. Want aan die begin van die Millennium sal hulle met 'n “YSTERSTAF” regeer moet word, totdat hulle in staat is om God se lewenswyse, gegrond op Sy Tien Gebooie, geleer te word. Jesus Christus sal Koning van konings wees. Onder Hom sal die twaalf apostels oor die twaalf nasies van Israel aangestel word, moontlik bygestaan deur herrese heiliges soos Daniël en Paulus wat moontlik oor die heiden nasies, diegene wie hul tydens hul menslike leeftye gedien het, regeer.

Onder leiding van hierdie uitstaande leiers in die Regering van God op aarde, sal daardie getroue heiliges wees wat werklik “oorwin” het en hulself OORGEGEE het om God se wil te doen en Sy gebooie te onderhou deur die Gees van Christus in hulle. God se Woord vertel ons: “Hier kom die lydsaamheid van die heiliges te pas; hier is hulle wat DIE GEBOOIE van God en die geloof in Jesus BEWAAR”

(Openbaring 14:12).

### ‘n Noodsaaklike deel van die “GOEIE NUUS”

Die geloof in 'n letterlike duisendjaar heerskappy van Christus op aarde saam met die herrese heiliges is eintlik deel van die OORSPRONKLIEKE EVANGELIE, die boodskap wat verkondig is deur die oorspronklike kerk van die apostels en wat vir baie geslagte behoue gebly het onder God se getroue mense! Dit is egter geleidelik deur die belydende Christendom vertrap deur die redenasies en verbeeldings van verskeie biskoppe en monnike gedurende die Donker Eeue. Selfs die hoogs-gerespekteerde wêreldlike geskiedkundige, Edward Gibbon het dit in sy omvangryke navorsing van daardie tydvak ontdek. In sy mylpaalwerk *The Decline and Fall of the Roman Empire*, skryf hy: “Die antieke en gewilde leerstelling van die Millennium (duisend jaar), was nou verbonde aan die tweede koms van Christus. Soos wat die skeppingswerk in ses dae voltooi is, is die tydsduur van die huidige skepping, volgens 'n tradisie wat aan Elia toegeskryf word, bestem om sesduisend jaar te wees. Volgens dieselfde vergelyking word die afleiding gemaak dat hierdie lang periode van werksaamheid en wedywing, wat nou byna verstreke is, opgevolg sal word deur 'n vreugdevolle duisendjarige Sabbat; en dat

# Wat is 'n ware Christen?

*Daar is meer as 400 sektes en godsdienstige organisasies wat hulself "Christelik" noem! Tog het hulle almal basiese verskille. Sal Jesus die organisasies herken wat Sy naam vandag gebruik? Hoe kan u vir seker weet hoe 'n ware Christen moet leef?*

Skryf in of skakel ons vir u eie kopie van hierdie noodsaaklike boekie om die antwoord op hierdie vrae te kry!

## Persoonlik (Vervolg vanaf bladsy 2)

En op 14 Julie 1940, praat Churchill oor die radio met die hele Britse volk:

En nou het die tyd aangebreek dat ons alleen in die bresse moet tree en die ergste wat die tiran se mag en vyandskap kan doen, in die gesig moet staar ....

Ons veg op ons eie; maar ons veg nie net vir onself nie. Hier in die sterk Stad van Toevlug wat die titelaktes van menslike vooruitgang bewaar en baie belangrik is vir die Christen samelewing; hier, omring met seë en oseane waarin die Vloot regeer, beskut van bo deur die vaardigheid en toewyding van ons lugmag – wag ons onverskrokke op die dreigende aanval.

Miskien kom dit vannag.

Miskien kom dit volgende week. Miskien kom dit nooit nie. Ons moet onself ewe gereed bewys om 'n skielike geweldadige skok, of dit wat moontlik 'n swaarder toets is, 'n uitgerekte waak, die hoof te bied. Maar of die beproewing skielik, uitgerek, of beide is, ons sal geen voorwaardes aanvaar nie, ons sal geen onderhandeling duld nie; ons mag genade betoon – maar ons sal geen genade vra nie.

My vriende, die tyd mag aanbreek wanneer ons ook "OP ONS EIE in die bresse moet tree". Ons moet dalk ook sê soos die oorspronklike apostels gesê het toe hul lewens deur die verskanste godsdienstselsel van hul tyd bedreig was: "Ons moet aan God meer

gehoorsaam wees as aan die mense" (Handelinge 5:29).

Soos ons die geïnspireerde vertellings van toentertyd se manne en vroue van God lees, moet ons daarvoor dink en mediteer: "Laat ons só wees!"

Want ons Vader wat in die hemel is beveel ons deur Sy Woord: "Waak, staan in die geloof, wees manlik [manmoedig], wees sterk" (1 Korintiërs 16:13). Na Moses se dood, toe Josua in sy plek moes voortgaan, sê God vir Josua: "Wees sterk en vol moed; want jy sal hierdie volk die land laat erwe wat Ek hulle vaders met 'n eed beloof het om aan hulle te gee. Wees net baie sterk en vol moed ...." (Josua 1:6-7).

Presies watter staal sal u en ek toon in die jare wat voorlê? Sal ons verslap? Sal ons in

verskeie situasies ons oortuigings prysgee? Sal ons selfs aansluit by die dierlike stelsel wat in Openbaring 17 voorspel word, om ons "eie bas" te red? Sal ons, ten spyte van God se waarskuwings, die "merk van die dier" aanvaar (Openbaring 13:16-17)?

Presies hoe *diep* is ons oortuiging van die WERKLIKHEID van God en die absolute waarheid van Sy geïnspireerde Woord?

Voor die komende duisternis toesak, moet elkeen van ons weereens absoluut vir hom- of haarself BEWYS dat God inderdaad die baie werklike Geestepersoon is wat die

heelal geskep het en nou daarvoor HEERS. Ons moet *seker* wees. Ons moet weet – en weet dat ons weet – wat die basiese waarhede oor God en Sy doel is.

Deur die bladsye van die *Wêreld van Môre* tydskrif en ons boekies, bande en baie behulp same Bybelstudiekursus, sowel as op ander wyses sal ons u probeer bystaan om die ware God te leer ken. Ons sal u bystaan om 'n onwrikbare GELOOF in die God van die Bybel te bou – die God wat baie BINNEKORT in mensesake gaan ingryp en Sy Seun as Koning van konings na hierdie aarde stuur.

Maar in die jare voor daardie glorieryke gebeurtenis, mag ons inderdaad by tye "OP ONS EIE staan". Ons sal diepe, bomenslike *geloof* en MOED nodig hê om vas te byt en getrou te bly. Daarom is dit *nou* die tyd om daardie kragtige verhouding met die Lewende God te bou en deur Sy Gees die *moed* en *vasberadenheid* te ontwikkel om deur die komende beproewings en toetse te gaan, wat erger is as wat ons nou kan begryp.

Dit is *nou* daardie tyd!



# Wêreld van Môre

## Bybelstudiekursus

**Skryf gerus vandag reeds in om hierdie insiggewende Bybelstudiehoopmiddel te ontvang! Dit sal u Bybelkennis grootliks aanvul en u met nuwe oë na die lewe laat kyk.**

**Skryf aan: Lewende Kerk van God  
Privaatsak X 3016  
Harrismith, FS  
9880**

**of skakel : 058 622 1424  
en vermeld dat u navraag doen  
na die "Wêreld van Môre" Bybelstudiekursus**

**Hierdie kursus, soos ook al ons ander publikasies, word gratis en sonder enige verpligting aan u gestuur.**